Atletiek

HSS atletiek is sinoniem met goeie afrigting en uitstaande atlete deur die jare. Ons beskik oor fantastiese fasiliteite en top afrigters. Die groot poel Boland en Wes-Kaap atlete wat ons jaarliks oplewer getuig hiervan. Ons is ook bevoorreg om die hoof van Wes-Kaap atletiek, mnr. Brandon du Plessis aan die stuur van sake te hê. Hy het Suid-Afrika onlangs in Rio by die Olimpiese Spele verteenwoordig as die atletiekspan se spanbestuurder! Die Rockies is baie trots op hom en al ons Rockie atlete!

Ons jaarlikse atletiekafrigtingskliniek het plaasgevind op Saterdag, 16 Januarie, by HSS se sportgronde. Ongeveer 90 volwasse afrigters en 150 leerders van 30 skole het aan die kliniek deelgeneem. Ons is telkens bevoorreg om van ons land se top afrigters en atlete by die kliniek te hê.

Tydens ons jaarlikse Interkleure atletiekbyeenkoms het die leerders weer eens gewys wat dit vat om ‘n Rockie te wees.

Rekords wat by die byeenkoms opgestel is:

Louis De Jager	300m H (Ewenaar)
Wouter van der Merwe	800m
Kelsey Ziegers	Gewigstoot
Jana Relihan	400m
Melissa Tharrat	Gewigstoot

Junior Victor Ludorum **– Louis De Jager**

Junior Victrix Ludorum – **Liezel van der Merwe**

Senior Victor Ludorum – **Déan Smit**

Senior Victrix Ludorum **– Elmien Bramley**

Tydens die Interskole atletiekbyeenkoms het ons weer eens uitstekende kompetisie en deelname gehad. Déan Smit is as die beste baan-atleet aangewys en HSS se beste dogtersatleet van die byeenkoms was Mikayla Ritter met haar gewigstoot afstand van 10.51.
Die onderstaande leerders het rekords verbeter tydens die byeenkoms:

Dean Smit	110mH
Nicol van Schalkwyk	Spiesgooi
Wouter van der Merwe	800m
Jay-Cee Kotze	100m

Tydens ons Swartlandsone-byeenkoms het ons eerste geëindig van die deelnemende skole. Ons het 41 goue, 26 silwer en 14 brons medaljes verower.

Die onderstaande leerder het rekords verbeter:

Liezel van der Merwe	300mH
Ansuné Smit	Spiesgooi
Lebogang Masinga	400mH
Dean Smit	110mH

Tydens die Wes-Boland Kampioenskappe het 50 leerders gaan deelneem, 30 het onder die eerste 3 plekke geval en 3 rekords is verbeter.

Atlete wat rekords verbeter het:

Ansuné Smit	Spiesgooi
Wouter van der Merwe	800m
Dean Smit	110mH

Lebogang

Dean

Nicol

Ansume

Liezel

Jay-Cee

Wouter

Ons het ook leerders gehad wat in die Bolandskole span opgeneem is. Hulle het aan die Wes-Kaap Skole Atletiekkampioenskappe gaan deelneem. Die onderstaande leerders het Bolandskole by die Wes-Kaap kampioenskappe verteenwoordig.

Conrad van Zyl	**S19**	**10km Stap**	**6de**
Lebogang Masinga	**D19**	**400mH**	**2de**
Louis De Jager	**S14**	**300mH**	**5de**
Liezel van der Merwe	**D15**	**300mH**	**4de**
Ansune Smit	**D15**	**Spiegooi**	**5de**
Wouter van der Merwe	**S15**	**800m**	**9de**
Déan Smit	**S19**	**110mH**	**2de**
Allison De Wet	**D19**	**3000mH** **400m**	**1ste** **2de**
Sam Walters	**S17**	**110mH**	**6de**
Nicol van Schalkwyk	**S17**	**Spiesgooi**	**3de**

Conrad

Lebogang

Louis

Liezel

Ansume

Wouter

Dean

Allison

Sam

Nicol

Die onderstaande atlete is by bogenoemde kompetisie gekies vir die Wes-Kaap Skole Atletiekspan om in Bloemfontein aan die SASA Kampioenskappe te gaan deelneem.

Déan Smit	**S19**	**110mH**
Lebogang Masinga	**D19**	**400mH**
Allison De Wet	**D19**	**3000mH** **400m**

Dean

Lebogang

Allison

Die onderstaande leerders is gekies om Boland Atletiek tydens die ASA Junior- en Jeugkampioenskappe te Germiston te verteenwoordig.

Déan Smit	**S19**	**110mH**
Allison De Wet	**D19**	**3000mH**
Conrad van Zyl	**S19**	**10km Stap**

Dean

Allison

Conrad

Ons Swartland Uitnodigingsatletiekbyeenkoms aan die einde van 2015 het vir groot opwinding gesorg. Ons het nie minder nie as 30 skole by die byeenkoms gehad. Die gewildheid van die byeenkoms word onderstreep deur die feit dat ons tot drie uitdunne in die baanitems gehad het. Hierdie byeenkoms was goeie voorbereiding vir ons atlete vir 2016.

Baie dankie aan alle ondersteuners, ouers, beamptes, afrigters en borge van die seisoen. Sonder u insette kan ons atlete nie suksesvol wees nie. ‘n Spesiale dank aan mnr. Freek Stander en sy span vir al hulle harde werk met die voorbereiding van die baan tydens die byeenkomste.